Vooraf sang
Lied 203: 1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 428: 4
Votum sing Ps. 121 – 1: 1
Seën
Loflied Ps. 145 – 1: 1,4,5,10
Geloofsbelydenis
Sing Sb 12 – 3: 1.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20 – fokus op 5 de gebod HK Sondag 39
Sing Ps. 119 – 2: 1,6
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Ester 2 : 19 - 23
Teks: 19 - 23
Sing Sb 15 – 7: 4,5
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 14 – 1: 1,2
Seën
Amen Sb 13 – 3.

Tema: Bly gehoorsaam aan God ook in ongunstige omstandighede.

Geliefde gemeente

‘n Mens kom byna daagliks in situasies waarin jy in ‘n oomblik of miskien oor ‘n tyd lank, moet besluit oor wat jy gaan doen of sê oor ‘n gegewe saak. So bv. kan jy saam met kollegas by die werk of - vir ons kinders – met vriende by die skool, in gesprek wees oor iemand anders en daar word sleg van die persoon gepraat of iets slegs oor hom of haar beplan. Jy het dan die keuse of om saam sleg te praat of sy of haar voordeel te soek, sy naam te beskerm en nie onreg toe te laat nie.

Ons natuurlike ingesteldheid is om saam sleg te praat. Om maar saam te skinder, planne te beraam om die persoon te na te kom. Ons besluit word ook dikwels beïnvloed deur die feit dat omstandighede onsself negatief beïnvloed en daarom besluit ek om terug te slaan. Ek het nou die kans om ’n hou terug te kry en ek doen dit met slegte woorde en dade.

Of ons besluit word beïnvloed deur die ou, ou vraag nl: wie is my naaste? Moet ek nou regtig vir die persoon in die bres tree? Ek het mos niks met hom of haar te doen nie, inteendeel, hy of sy het my ook te na gekom, laat hulle maar praat en laat hulle maar slegte planne beraam dit raak my nie! Ek gee nie om nie.

Brs en srs, ‘n gelowige mag nooit so redeneer nie. Gelowiges vra nie ‘n vraag soos: wie is my naaste nie?. Ons Here het ons die opdrag gegee om ons naaste lief te hê, selfs ons vyande lief te hê. Gelowiges gee altyd om wat met iemand anders gebeur.

Ons laat nie toe dat negatiewe omstandighede ons ook negatief laat optree nie!!! Die feit dat ons aan God behoort en dat Hy ons deur Christus nuut gemaak het, noodsaak dat ons anders sal optree. **Dat ons in elke gegewe situasie konsekwent gehoorsaam en betroubaar sal optree. Dat my gewete deur die Heilige Gees gelei word en nie deur my eie sondige begeertes nie.**

Dit is wat die Here ons vanoggend uit hierdie stukkie geskiedenis in Ester leer**. Dat gelowiges altyd konsekwent gehoorsaam en betroubaar optree, ook te midde van slegte omstandighede.**

Brs en srs, Ester en Mordegai het met hulle optrede soos helder ligte in ‘n donker Persiese ryk geskitter. **Hulle optrede hier getuig dat hulle die wet van die Here in hulle harte gedra het en dit probeer naleef het te midde van baie intimiderende omstandighede**.

Ons lees verskeie kere dat Ester en Mordegai nie hulle afkoms as Jode bekend gemaak het nie. Die rede daarvoor was dat hulle in ‘n baie benarde posisie was as bannelinge in ‘n vreemde land. Hulle was soos slawe beskou en het eintlik geen regte gehad nie. Die inwoners van Persie was hulle glad nie goedgesind nie en Ester sou nooit koningin kon word as sy gesê het dat sy ‘n gelowige was nie. Die wet van Mede en Perse het bepaal dat die koning ‘n vrou uit sy eie volk moes neem en daarom moes Ester haar afkoms geheim hou.

Maar, brs. en srs, ten spyte hiervan, **bly hulle konsekwent gehoorsaam aan die Here. Wanneer God** ons in die vyfde gebod beveel om ons aan gesag te onderwerp, dan doen hulle dit ten spyte van die feit dat daardie gesag hulle nie goedgesind is nie. Daar word pragtig beskryf hoe **Ester aan haar voog Mordegai gehoorsaam was** ten spyte van die feit dat sy nie meer onder sy sorg gestaan het nie. Sy was nou koningin van die magtigste ryk op aarde, maar sy bly aan haar voog gehoorsaam. Haar mag en posisie het haar nie

beïnvloed om die die vyfde gebod te vergeet nie. Sy bly nederig gehoorsaam. So wil die Here hê dat ons ons aan diegene wat oor ons met gesag aangestel is, sal gehoorsaam.

Wanneer Mordegai dan te hore kom van die komplot van twee van die koning se persoonlike lyfwagte om hom te vermoor, **dan tree hy konsekwent gehoorsaam aan die Here op**. Hy kon net sowel stilgebly het en toegelaat het dat die plan uitgevoer word, want dit sou immers iets van ‘n wraakaksie kon wees op die koninkryk wat sy volk so verneder het en wat hulle as weggevoer het as slawe.

Maar geliefdes, as Mordegai stilgebly het, en die koning vermoor is, sou hy medeskuldig gewees het aan moord. Niemand sou geweet het nie, maar Mordegai sou in sy gewete altyd die las van daardie moord gedra het. En daarom, selfs al is dit ‘n vyandige koning wat glad nie die gelowiges se belange op die hart gedra het nie, tree Mordegai op om sy lewe te red. Want daardeur is Hy gehoorsaam aan God.

Brs. en srs, hoekom dink u kon Mordegai en Ester so optree? Omdat hulle supergelowiges was? **Nee, maar omdat hulle aan God behoort het.** Hulle was deel van sy uitverkore volk wat Hy wou red en daarom het hulle geloof gehad wat hulle anders laat optree het. God het deur sy Gees in hulle hart gewoon en hulle gelei om reg op te tree.

Ons, u en ek, is ook sulke nuwe mense. **Die Bybel leer ons dat ons ou mens, ons sondige begeertes saam met Christus gekruisig is, en dat ons saam met Hom in ‘n nuwe lewe opgestaan het. Ons het ook die geloof en die krag ontvang om totaal anders op te tree as die ongelowige en ongehoorsame mense.** Die Heilige Gees woon in ons, en Hy lei ons in ons besluite en ons gewete. Daarom kan ons ook die regte keuses maak as ons in ‘n gegewe situasie moet besluit oor wat ek gaan sê of doen.

Ons bid mos ook, soos Jakobus 1: 5 sê, dat ons die wysheid van die Heilige Gees sal ontvang om in alle omstandighede reg en konsekwent gehoorsaam op te tree. Ons wil mos ook aan die vyfde gebod gehoorsaam wees omdat God ons gered het en van ons sulke nuwe mense gemaak het.

Miskien moet ek – ter wille van die kinders – verduidelik wat die woord “konsekwent” beteken. Dit beteken dat ek **te alle tye en in elke omstandigheid, waar ek ‘n keuse het,** gehoorsaam sal wees. In die vorige hoofstuk het ons gesien Ester het nie ‘n keuse gehad nie. Sy was in ‘n gedwonge situasie**. Hier is dit anders: hier kan Mordegai en Ester eie keuse uitoefen en hier kies hulle konsekwente gehoorsaamheid aan God**

Kom ons pas hierdie beginsel op ons lewe toe:

Kinders – as pa en ma reëls by die huis maak: volg julle die reëls net as pa en ma by die huis is – of breek julle die reëls as hulle dalk weg is?

Skoolkinders- ons hoor van toenemende dissiplineprobleme in klaskamers en in die algemeen by skole. Hoe tree jy as kind van die Here op teenoor die onderwyser/es in die klaskamer. Is jy gehoorsaam of lag jy uit en doen wat jy wil?

Brs. en srs – **Ons gehoorsaamheid aan die staat:** is ons net aan die padreëls gehoorsaam daar waar ons ‘n verkeerskonstabel verwag wat ons dalk kan sien en beboet ? Of doen ons dit altyd omdat God ons altyd sien en ons in die eerste plek aan Hom rekenskap verskuldig is?

<u>Luister hoe praat ons oor ons president en regering.</u> Onthou – ons moet ook hulle eer beskerm. Swak leierskap en swak regering is nie ‘n verskoning om aan die 5 de gebod ongehoorsaam te wees nie. Ons het gehoor dat die Kategismus sê: ons moet met hulle swakhede geduld hê. Ahasveros was ‘n swakkeling en ‘n suiplap en tog beskerm Mordegai en Ester sy eer en sy lewe.

Dikwels word die omstandighede waarin ek my verkeer baie moeilik en dink ek dat dié omstandighede dit regverdig dat ek ongehoorsaam kan wees. So kan iemand bv. in ‘n baie moeilike huweliksverhouding waar daar aan jou onreg gepleeg word. Dan is ‘n mens geneig om te dink: ek kan ook maar onreg pleeg – die Here sal verstaan. In hierdie omstandighede is dit verskoonbaar.

Of dalk bevind jy jou in **finansiële nood** en omdat die nood druk, dink jy: nou moet ek ook maar oneerlik wees om uit hierdie situasie te kom. Nou kan ek maar ook geld onder die tafel gee vir die kontrak, of woekerwins maak op my produkte!

Of dalk, liewe jongmens, is **jy tussen vriende** wat nie gelowiges is nie en word jy verlei om soos hulle te praat en te doen. Die gesag van ouers en die bestaan van die kerk word afgebreek en jy praat maar saam.

Geliefdes, die Here leer ons vanoggend: Wees konsekwent gehoorsaam want julle behoort aan my.

Ons het netnou gesê dat Mordegai maar kon stilbly en die moord kon gepleeg geword het, niemand sou gesien en geweet nie. Maar, brs. en srs, die Here sien ons altyd. Daarom is vers 23 van ons teksverse so belangrik. Lees dit:
Die gebeure is in die ryksgeskiedenisboeke opgeskryf. Hierdie vers openbaar dat konsekwente gehoorsaamheid deur die Here geseën word.Nou, in hierdie lewe en in die ewigheid.

Later sou hierdie daad van gehoorsaamheid Mordegai en Ester in posisie stel om die volk te red. Die Here het sy daad goeie seën laat dra vir baie mense.

Geliefde br. en sr. jou dade word ook in die boek van God opgeskryf en Hy sal jou in die ewige lewe <u>met genade beloon vir jou goeie dade en oor jou slegte dade sal jy rekenskap doen.</u>

Laat ons dan konsekwent gehoorsaam wees – nie omdat ons die oordeelsdag vrees nie, maar omdat ons in Christus nuwe mense is. Wedegebore, om anders op te tree, om konsekwent gehoorsaam te wees.

Geliefdes, bid om leiding van die Heilige Gees in jou gewete. Bid om gehoorsaamheid. Om konsekwentheid. Om krag om te volhard en selfs – soos Christus – die ander wang te draai. Aan die kruis kon Hy sê: Vader, vergeef hulle**!! Dis die krag van die nuwe mens!!!.** Nie om te vergeld,nie om kwaad te praat nie, nie om te beskinder nie, nie om te haat nie, maar om almal te dien.

So sal ons skyn soos helder ligte in hierdie donker wêreld waarin ons leef. Nie tot ons eie eer nie, maar alleen tot eer van die Here – omdat ons aan Hom behoort.

Amen